

## **Gereformeerde Kerk Bellville – 6 Desember 2015 – Aand**

**Sing vooraf staande:** Psalm 87:4, 5 (p. 438)

- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.  
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;  
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 89:1, 6 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die ewige guns wat U aan ons bewys  
het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 6 Hoe salig is die volk wat luister na u woord, / hul wandel in die lig wat van U afstraal, voort.  
Hul sal hul in u diens, waaraan hul toegewy is, / die ganse dag verheug, omdat hul in U bly is;  
hul prys u grote krag wat alle krag oortref het, / en u geregtigheid wat hul weer opgehef het.

**Gebed**

Psalm 119:62, 63 (p. 598)

- 62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar  
na die heil wat U beloof het, / na u kennis wonderklaar!  
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!  
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!
- 63 HEER, ek is 'n skaap verlore, /in die wildernis verdwaal.  
U, my HEER en Herder, bid ek / dat U my tog wil kom haal  
Soek my, bring my weer, u dienaar / wat in al sy harteleed,  
en in al sy teënhede, / u gebooie nie vergeet.

**Skriflesing:** Johannes 10:1-42; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 2, Artikel 8

**Kernvers:** Johannes 10:11, 27-28

**Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.**

**My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.**

(Johannes 10:11, 27-28 AFR53)

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 2, Artikel 8**

*Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek. So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdigmakende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak. Dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis – waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het – uit elke volk, stam, geslag en taal hulle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is. Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle die geloof sal gee*

*wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het. Verder dat Hy hulle van al hulle sondes – sowel die oorspronklike sonde as die werklike sonde wat na en voor die geloof begaan is – deur sy bloed sal reinig. Ten slotte dat Hy hulle tot die einde toe getrou sal bewaar en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlijkheid by Hom sal neem.*

**Tema:** Christus het die verlossing verwerf en gee dit aan sy mense

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer mense hulleself nie wil buig onder die gesag van God se Woord nie, maak hulle die allervreemdste uitsprake aangaande die werk van die Here. So gebeur dit dan dat 'n mens soms ook die vreemdste uitsprake aangaande Christus se dood hoor.

Hedendaags is daar mense wat verklaar dat die kruisdood eintlik nooit moes gebeur het nie. Hierdie mense wil niks daarvan weet dat God sy Seun Jesus Christus vir die dood aan die kruis bestem het nie. Hulle is van oordeel dat die God van liefde tog nooit so wreed sou wees om sy eie Seun te laat doodmaak nie. Uit so 'n redenasie hoor ons sommer dadelik dat hierdie mense God net ken as die God van liefde. Hulle ken Hom nie as die regverdige God wat die sonde nie ongestraf kan laat bly nie. Trouens, hulle wil niks daarvan hoor dat God regverdig is nie.

En as hierdie mense 'n verklaring vir die kruisdood van Christus gee, hoor 'n mens van goed wat nie naastenby die Woord van die Here verklaar nie. Hulle sê onder andere dat die kruisdood en die sterwe van ons Here Jesus nooit die bedoeling van die Vader sou wees nie. Hulle is van oordeel dat God sy Seun na die wêreld gestuur het om met sy voorbeeldige lewe vir die Jode te wys hoe hulle volgens die wet behoort te lewe. Met so 'n siening sou die Vader die hoop koester dat die Jode Christus sou aanvaar as die Messias wat deur God gestuur is. Maar ongelukkig het die Seun se koms na die wêreld op 'n mislukking uitgeloop. Die Jode het Jesus nie aanvaar nie en daarom het hulle Hom doodgemaak.

Die dwaalleraars wat die kerke in Nederland gedurende die sestiende eeu verontrus het met hulle dwaling aangaande die uitverkiesing het ook hulle eie siening oor die dood van Christus gehad. Hulle het geleer dat God sy Seun tot die kruisdood bestem het sonder 'n vaste en bepaalde besluit om iemand uitdruklik salig te maak. Volgens hulle het Christus vir alle mense aan die kruis gesterf. Omdat mense nie aan daardie onmoontlike vereiste kon voldoen om die wet honderd persent na te kom nie, het Hy die wet gehoorsaam maar ook vir die onvermoë van die mense aan die kruis gesterf. Dit het God in staat gestel om die wyse van verlossing te verander. In plaas daarvan dat die mens aan die wet gehoorsaam moet wees om salig te word, het die Here na die dood van sy Seun 'n nuwe en makliker vereiste gestel – hulle moet glo. As mense glo, sal hulle salig word.

Op die oppervlak klink hierdie dwaalleraars se leer nie verkeerd nie. Maar as 'n mens mooi nadink oor die dwaalleer kom jy agter waar hulle afwyk van die waarheid. Hulle leer dat Christus vir alle mense die moontlikheid verwerf het om verlos te word en die ewige lewe te verkry. Volgens hulle leer is dit uiteindelik net die mense wat uit hulle vrye wil glo wat dan die ewige lewe kry. Die uiteindelijke en werklike verlossing van die mens hang dus van die mens self af. As hy uit sy eie vir die Here kies en glo, word hy gered. Met so 'n leer maak hulle die Here afhanklik van die mens. Die Here het alles gedoen wat Hy kan en nou moet Hy maar wag om te sien of daar miskien iemand sal wees wat gaan glo.

Kom ons luister hoe die Here Jesus self sê waarvoor Hy na hierdie wêreld gekom het, vir wie Hy gesterf het aan die kruis en wat Hy doen met die mense wat Hy deur sy dood en opstanding heen verlos het. Nadat Jesus die blinde man genees het sodat hy kon sien, is hierdie man uit die sinagoge verban. Toe Jesus hom weer raakloop, het hierdie man tot geloof in Jesus gekom. En van daar af volg die onderrig wat Jesus in Johannes 10 gee. Dit is 'n gemengde gehoor wat Jesus aanhoor – daar is Fariseërs en ook mense wat al in Jesus begin glo het. In ons kernverse onderrig Jesus die mense aangaande Homself en gee Hy aan hulle versekering van sy sorg vir hulle.

Luister watter onderrig gee Hy aan hulle:

**Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.**  
(Johannes 10:11 AFR53)

Vroeër in hierdie gedeelte sê Jesus:

**Ek is die deur van die skape.** (Johannes 10:7 AFR53)

Nou noem Hy Homself die goeie herder. Die woord wat ons met *goeie* vertaal kan ook met *uitnemende* vertaal word. Wat Jesus die uitnemende of goeie herder maak, is die feit dat Hy sy lewe vir die skape aflê. Let op dat Jesus vier keer sê dat Hy sy lewe aflê. Twee keer sê Hy dat Hy sy lewe aflê vir die skape en twee keer sê Hy dat Hy sy lewe aflê om dit weer op te neem. Daar is dus by Jesus as die goeie herder 'n vasberadenheid om sy lewe af te lê.

In ons Skrifgedeelte word daar twee redes genoem waarom Jesus so vasberade is om sy lewe vir die skape af te lê. Die eerste rede hou verband met die feit dat Jesus die deur van die skape is. Let op hoe sê Hy dit in vers 9:

**Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, ...**  
(Johannes 10:9a AFR53)

En die tweede rede hoor ons in vers 18:

**Ek het die mag om dit (my lewe) af te lê en Ek het die mag om dit weer op te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.** (Johannes 10:18b AFR53)

Christus se dood aan die kruis was dus nie iets wat gebeur het omdat die omstandighede buite die beheer van God geraak het nie. Inteendeel, dit was God se opdrag dat Jesus sy lewe vir die skape moes aflê sodat Hy dit weer kon opneem. Anders as die huurling wat net aan sy eie belange dink en weghardloop as die wolf kom, bly Jesus staan om die wolf te trotseer, selfs al beteken dit dat Hy sy lewe gaan verloor.

Omdat Jesus vasberade is om sy lewe vir die skape af te lê, is sy dood nie 'n martelaarsdood nie maar 'n offerdood. Hy sê Hy lê sy lewe af **vir** die skape. Hy is bereid om sy lewe vir die skape te offer, nie net omdat daar 'n wolf is wat dreig om die skape te vang nie. Die wolf in hierdie gelykenis verwys na die duiwel en sy trawante wat daarop uit is om die kerk van die Here te verskeur. Nee, daar is nog iets baie erger as die duiwel wat die skape van die Here bedreig en dit is die regverdige en allerswaarste oordeel van God oor die sonde. Na regte moet God die skape vir hulle sondes straf, want hulle het teen Hom gesondig.

As goeie herder stel Jesus Homself in die plek van die skape. Hy kom staan as Borg in die plek van die skape om die skuld wat hulle by God het in hulle plek te betaal. Jesus Christus is die enigste Een wat kwalifiseer om as Borg van mense by God op te tree, want

Hy is die enigste een wat ooit na die sondeval geleef het wat nie eie sonde het om voor te betaal nie. En hoe heerlik is hierdie borgskap van Christus vir die ware gelowiges! God reken hulle onreg en sonde aan Christus toe en Hy sterf daarvoor aan die kruis. En in die plek van die straf wat die ware gelowiges eintlik verdien het, reken God Christus se gehoorsaamheid en heiligheid vir hulle toe.

Dit is ook nie so dat Jesus sommer maar net vir sondes gesterf het van mense en nou moet God maar wag en kyk wie hierdie mense gaan wees vir wie sy Seun gesterf het nie. Jesus sê dat Hy sy lewe aflê vir **die skape**. Vroeër in hierdie onderrig het Jesus duidelik gemaak dat die skape **sy eie skape** is (Joh 10:3). In Efesiërs 5 beklemtoon Paulus ook dat Jesus se dood spesifiek vir sy mense bedoel was. Hy skryf dat Christus die kerk so liefhet dat Hy Homself **vir haar** oorgegee het.

En as daar nog enige twyfel bestaan oor wie hierdie skape is, neem Jesus die twyfel weg wanneer Hy sê dat dit die skape is wat sy Vader aan Hom gegee het. Voor die skepping van die wêreld het God 'n sekere aantal mense uitgekies. En voor die skepping van die wêreld het Hy sy Seun bestem as Middelaar en Verlosser van die uitverkorenes. In die ewigheid al het God die uitverkorenes aan Christus gegee om hulle te verlos. Daarom ken Jesus sy skape al van voor die skepping van die wêreld op die naam. Hy het vir hulle en hulle alleen aan die kruis gesterf.

Hoe kan ons sommer sê dat Christus net vir sy skape die verlossing bewerk het en net aan hulle die verlossing skenk? Omdat die Here self so sê. Luister wat sê Hy vir die Fariseërs in vers 26:

**Maar julle glo nie, want julle is nie van my skape nie, ... (Johannes 10:26a AFR53)**

Ons moet mooi luister hoe Jesus dit sê. Hy sê nie: Julle is nie van my skape nie, want julle glo nie. As Hy dit so sou gesê het, moes ons met die dwaalleraars saamstem dat 'n mens gered word omdat hy glo en sodoende deel van God se volk word. Dan hang dit mos van die mens af. Nee, in die volgorde wat Jesus dit sê, kom ons agter dat die mense wat die Vader aan Christus gegee het skape van Jesus is. Dit is ook net vir sy skape wat Hy dan sy lewe aflê, en dit is ook net aan hulle wat Hy die geloof gee.

Was Jesus se koms na die wêreld dan 'n mislukking? Nee, beslis nie. Twee maal sê Hy dat Hy sy lewe aflê om dit weer op te neem. Baie mense sal sê dat hulle hul lewe vir iemand sal aflê, maar Jesus is die enigste Een wat ook kan sê dat Hy weer sy lewe sal opneem. Met sy opstanding bevestig Christus en die Vader dat Christus se koms na hierdie wêreld goed afgeloop het. Hy het elkeen wat die Vader aan Hom in die ewigheid gegee het verlos. En in die tyd sal Hy aan hulle die geloof gee, want Hy het dit saam met al die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees vir hulle verwerf.

Ons het nou gehoor dat Christus met 'n bepaalde opdrag deur die Vader na die wêreld gestuur is. Nou bly daarvoor om te hoor wat Christus doen met die mense vir wie Hy aan die kruis gesterf het en aan wie Hy die geloof geskenk het. In vers 28 sê Jesus:

**En Ek gee aan hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. (Johannes 10:28 AFR53)**

Omdat Christus met sy kosbare dood sy skape van hulle sondes en die ewige dood verlos het, gee Hy aan hulle die geloof en die ewige lewe. *Ewig* beteken daar sal nooit 'n einde kom aan die lewe wat Hy vir sy skape gee nie. En om te beklemtoon dat daar nooit 'n einde aan hulle nuwe lewe sal kom nie sê Jesus nog verder dat hulle tot in ewigheid nie

verlore sal gaan nie. Dit gebeur nie omdat die skape nou so vernuftig geraak het om self met die geloof en die ander gawes van die Heilige Gees die wolf te ontwyk of nooit weer af te dwaal nie. Inteendeel, die skape van die Here dwaal nog af weens hulle eie dwaasheid en beland weer in die kloue van die wolf. Maar niemand, sê Jesus, kan hulle uit sy hand ruk nie. Hy sal hulle tot die einde toe getrou bewaar en uiteindelik by Hom in heerlijkheid opneem. Deur sy Gees en Woord sal Christus sy eiendom elke keer weer na Hom toe terugbring en verder vernuwe totdat en sodat Hy hulle in heerlijkheid by Hom kan neem.

Hoekom sal 'n skaap wat afgedwaal het en plek-plek deur die wolf beetgepak is terugkom na die goeie herder toe? Omdat die skape van die goeie herder na sy stem luister en Hy hulle ken. Elke mens het maar sy eie nuk net soos wat elke skaap sy eie gier het om telkens deur dieselfde gat in die heining te wil kruip. Daarom weet die goeie herder waar om daardie skaap van Hom te gaan soek, want Hy ken hom deur en deur.

Wanneer Jesus as ons goeie herder ons kom soek waar ons verdwaal geraak het weens ons eie hardkoppigheid, kom roep Hy ons terug met sy Gees en Woord. Dit is hulle wat werklik skape van die Here is – verlostes van Jesus Christus – wat na sy stem sal luister en Hom weer volg, want hulle ken Hom omdat Hy hulle ken, en hulle vertrou Hom.

Mag die Heilige Gees ons ore en harte oopmaak sodat ons die stem van ons goeie herder duidelik kan hoor wanneer Hy met ons praat. Mag ons goeie herder ons so lei dat ons Hom sal gehoorsaam en volg. Dit is sulke skape wat met hulle lewens getuig dat Christus inderdaad nie somer maar net gesterf het nie. Hy het werklik vir hierdie skaap van Hom sy lewe afgelê en dit weer opgeneem om hierdie skaap veilig in die ewige koninkryk in te bring.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 23:2, 3 (p. 107)

- 2 En is ek soos 'n skaap in doodsgeware, / wat in die velde as 'n prooi van wolwe gaan,  
en moet ek in die doodsdal, diep en donker, / van alle hulp ontbloot, in my alleenheid staan –  
dan nog ken ek geen doodsvrees of verskrikking / omdat u staf my troos is en verkwikking.
- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druipe olie en my beker vloei van wyn,  
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreugde, my vyande 'n pyn;  
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
6 Desember 2015